

LANDELIKE VEILIGHEID: APRIL 2024

OPSOMMING VAN PLAASAANVALLE/MOORDE IN DIE FINANSIËLE JAAR 2023-2024:

'n Analise was gedoen van Plaasaanvalle en -moorde in die finansiële jaar 2023-2024 in die Vrystaat. 'n Opsomming van die analise word hieronder weergegee:

- Rakende **plaasmoorde**, was daar 7 moord insidente meer as in die 2022-2023 finansiële jaar;
- Rakende **plaasaanvalle**, was daar 27 minder plaasaanvalle gepleeg in 2023-2024 finansiële jaar;
- Daar was dus 'n daling in plaasaanvalle/moorde van 35,89% wanneer die finansiële jaar 2023-2024 met 2022-2023 se insidente vergelyk word;
- 24 van die 88 dorpe se boerdery gemeenskappe in die Vrystaat het of 'n **plaasaanval en of -moord** beleef (27,27%);
- Die **hoë misdad areas** tov plaasaanvalle/moorde waar 2 en meer insidente plaasgevind het, is Bloemfontein, Bethlehem, Bothaville, Fouriesburg, Harrismith, Kroonstad, Oranjeville, Welkom, Wepener;
- 8 insidente (20,51%) van die Vrystaat se plaasaanvalle/moorde is by boerdery gemeenskappe gepleeg wat langs die RSA/Lesotho grens geleë is;
- Die mees **prominente dae** vir plaasaanvalle en -moorde is Saterdag tot Sondag waar 53,85% gedurende **nagtlike ure** plaasgevind het (18h00 tot 05h59 – 74,36%);
- Vanaf 33,33% van plaasaanvalle/moorde vind vanaf die **26ste tot 30/31ste** van 'n maand plaas;
- 57 slagoffers is in 39 plaasaanvalle/moorde aangeval en of vermoor in die finansiële jaar 2023-2024 in die Vrystaat;
- In 32 van 39 aanvalle/moorde het 2 tot 12 aanvallers dit uitgevoer (82,1%) – dus 'n gemiddeld van 3 aanvallers per insident;
- In 58,97% van plaasaanvalle/moorde is **vuurwapens** gebruik deur aanvallers;
- In 13 **plaasaanvalle/moorde** is selfone geroof, in 10 kontant, in 7 diere, in 5 voertuie en 4 vuurwapens geroof;
- In 61,54% was slagoffers buite hul wonings oorval;
- In 23 plaasaanvalle/moorde was slagoffers geskiet, of het ernstige beserings opgedoen (58,97%);
- In 38,46% van plaasaanvalle/moorde is **arrestasies** uitgevoer.

Die daling in plaasaanval insidente in die Vrystaat wat tans bespeur word, moet nie gesien word as 'n gemaksonne waarin produsente en opkomende boere gerus moet wees nie. Die toename in plaasmoorde bly 'n egter 'n groot bron van kommer met die fokus en teiken op plaaswerkers. Veiligheid behels daagliks die deurgee van inligting ten einde die tipe ernstige en geweldsmisdade voorkomend en effektief aan te spreek binne die Nasionale Landelike

Beveiliging Strategie (NLBS). Die arrestasie syfer het ook gestyg, wat 'n goeie teken is dat die polisie die tipe misdade met die nodige erns bejeën en ernstige pogings aanwend om die oortreders te arresteer.

Die monitering van strafsake in die howe waar arrestasies plaasgevind het, is nie in die analise gedoen nie. Navrae in die verband sal gerig word met 'n opvolg verslag hieroor.

DIE MANIFESTERING VAN VEEDIEFSTAL IN DIE VRYSTAAT:

Veediefstal bly een van die grootste eiendomsverwante misdade wat die kommersiële landbousektor negatief beïnvloed in terme van verliese wat boere finansiël lei. Die getal sake wat by die SAPD aangemeld vir Maart 2024 is nie bekend nie. Wat wel bekend is, is dat 24 veiligheidsvertegenwoordigers van Boereverenigings (boerdery gemeenskappe) in hul maandelikse terugvoer na Vrystaat Landbou (VL) gemeld het dat daar gedurende Maart 2024, 54 sake van veediefstal aangemeld is in hul gemeenskappe waar 1024 stuks vee (421 beeste en 585 skape, ander diere soos perde) gesteel is.

Dus is 'n gemiddeld van 16 beeste per insident, en gemiddeld van 22 skape per insident wat gesteel word vanaf plase. In slegs 4 veediefstal insidente te Clarens, Clocolan, Fouriesburg en Kestell, is 'n totaal van 501 diere (wat beeste en skape insluit) gesteel. Die boerdery gemeenskappe is naby die RSA/Lesotho grens geleë. Daar was in 1 insident 200 skape gesteel vanaf 'n grensplaas. Die vinnige ontdekking van die diefstal het daartoe gelei dat dadelik gereageer is en is 'n soektog van stapel gestuur na die gesteelde vee. In slegs 1 van die insidente was nagenoeg 100 diere nie teruggevind nie, terwyl in al die ander 3 insidente die vee herwin was. Daar was geen arrestasies uitgevoer op die groot sake nie.

Bogenoemde veediefstal insidente dui weereens daarop dat veediefstal deur sindikate/groeperinge bedryf word waar groot getalle vee gesteel word, veral in die grensarea geleë tussen die RSA en Lesotho. Wanneer 'n boer en of sy werkers/voormanne, veewagters die diefstal agterkom, het vinnige reaksie en opvolg (spoorsny) die geneigdheid om suksesvol te wees ten einde gesteelde vee te herwin.

Wat ook baie bydra tot vinnige opvolg en reaksie is die PSIRA geregistreerde privaat ondersoekers op veediefstal wat deur VL daargestel word, tesame met privaat sekuriteitsmaatskappye wat in boerdery gemeenskappe funksioneer in samewerking met Landelike Veiligheidskoördineerders en of Veediefstal Eenhede. 'n Privaat ondersoeker wat by 'n grensdorp gesetel is, se herwinde syfer op veediefstal is 70% en selfs meer.

PSIRA GEREGISTREERDE PRIVAAT ONDERSOEKERS OP VEEDIEFSTAL:

Vrystaat Landbou, in samewerking met die privaat sekuriteitsmaatskappy LGV, het op 16-17 April 2024, 16 bykomende Psira geregistreerde privaat ondersoekers op veediefstal opgelei. Dit bring die totale aantal ondersoekers op 21 te staan. Versoeke is van verskeie Vrystaatse boerderygemeenskappe ontvang waar veediefstal hoogty vier. Die tekort aan mannekrag, voertuie en toerusting by Veediefstal Eenhede (VDE) van die SAPD is 'n groot bron tot kommer

en het dit duidelik geraak dat 'n gemeenskaps-inisiatief nodig was om te help om dinge om te keer. Suksesse wat bereik is in samewerking met die polisie se Landelike Veiligheidskoördineerders asook Veediefstal Eenhede (VDE) in sekere hoë misdaad areas het alreeds gewys dat die inisiatief uitgebrei moet word. Die boerderygemeenskappe van Steynsrus, Bultfontein, Jacobsdal, Marquard, Reddersburg en Bloemfontein het persone geïdentifiseer om as privaat ondersoekers opgelei te word, ten einde hul te bemagtig en op te lei om die tipe misdaad effektief aan te spreek. Die gemeenskappe neem ook self verantwoordelikheid vir alle operasionele onkoste aangaande die ondersoekers. Verskeie befondsingsmodelle was voorgehou. Die koördinerende van die tipe misdaad en sentralisering van alle inligting is van kardinale belang ten einde sukses te bereik. Vir enige navrae rakende die uitbreiding van die inisiatief kan Mev Isabel Kruger, VL se veediefstal veiligheidsvertegenwoordiger of Mnr Peet Swanepoel, VL se provinsiale koördineerder vir die Psira geregistreerde privaat ondersoekers gekontak word.

OPSETLIKE SAAKBESKADIGING TOV VELDBRANDE – AANLOOP TOT DIE BRANDSEISOEN:

Die groot getal veldbrande wat in landelike gebiede in 2023 op plase plaasgevind het, dui daarop dat die oorgrote meerderheid van brande moontlik ontstaan het a.g.v. weerlig of natuurverskynsels. Dit wil voorkom asof daar insidente is waar brande opsetlik gestig word deur sekere persone, die motiewe daarvan moet ondersoek word deur die Polisie. In 'n artikel deur VL saamgestel op die opsetlike aan die brand steek van roerende eiendom wat aangeplante gewasse of velde insluit, die nodige bewyslas bekom moet word vir die Polisie om 'n kriminele ondersoek te loods, persone te arresteer en voor die hof te bring ten einde suksesvolle vervolging daar te stel.

Die Landelike Beveiligings- of Gebeurlikheidsplan in elke area onder die Nasionale Landelike Beveiliging Strategie (NLBS) maak alreeds voorsiening vir die mobilisering van boerdery gemeenskappe in samewerking met die SAPD ten einde ernstige geweldsmisdade soos plaasaanvalle en of -moorde aan te spreek. Elke Veiligheidsplan is opgestel op sektore en sektorleiers wat beheer neem oor die bewaring van misdaad tonele, hulpverlening aan beseerdes, ens. 'n GOS word ook gestig met die Polisie in die area. Wat betref brande, behoort dit op dieselfde beginsel te fokus ten einde boere te organiseer en mobiliseer om brande vinnig en effektief te bestry, asook om die misdaad toneel of die oorsprong waar die brand bestaan het, te bewaar vir enige kriminele ondersoeke wat uit die opsetlike aanstigting van brande kan lei.

Kriminele klagtes wat relevant is ten opsigte van die stigting van brande en skade wat voortvloei uit die stigting van 'n brand, kan onder sekere omstandighede geregistreer word as "Opsetlike saakbeskadiging", maar brande wat in die ope lug gestig word, ingesluit brande waar geen skade veroorsaak word nie en brande waar skade veroorsaak word, sal geregistreer word onder the Nasionale Veld en Bosbrand Wet no. 101 of 1998. In sekere gevalle kan saakbeskadiging ook as 'n alternatiewe klagte op die klagte ingevolge hierdie Wet geregistreer word.

Wanneer 'n vuur uitbreek wat vermoedelik gestig is of die oorsaak daarvan nie onmiddellik bepaal kan word nie, moet die naaste twee persone hul haas na die misdaadtoneel. Die misdaadtoneel is naas die slagoffer die enigste getuie.

Die inligting wat met die ondersoek van brande gepaard gaan, veral rakende die impak en omvang kan ook in howe straf verswarend aangebied word vir vonnis oplegging in kriminele ondersoek. Suksesvolle vonnisoplegging kan as 'n afskrikmiddel vir toekomstige oortreders dien om hul te weerhou van sulke misdadige optrede. Dit is belangrik om voorkomend gerig te wees op die brandseisoen wat gewoonlik in Meimaand 'n aanvang kan neem.

VEILIGHEIDSBEPANNING TOV RISIKO'S / BEDREIGINGS IN DIE AANLOOP TOT DIE NASIONALE VERKIESING OP 29 MEI 2024

Dit is noodsaaklik dat alle boerdery gemeenskappe hul veiligheidsbeplanning doen in die aanloop tot die Nasionale Verkiesing wat op 29 Mei 2024 in SA/Vrystaat gaan plaasvind. Die onluste in KwaZulu-Natal en Gauteng gedurende Junie/Julie 2021 het daarop gedui dat gebeurlikheidsbeplanning in plek moet wees ten einde enige opkomende risiko/bedreiging die hoof te bied. Elke boerderygemeenskap moet 'n Veiligheidsplan/gebeurlikheidsplan hê wat opgedateer moet wees met die nodige sektorleiers en toegangs- en uitgangstroetes waar observasie moet plaasvind.

Insameling en verwerking van betroubare informasie is belangrik en kan bekom word deur plaaswerkers, bewoners op plase, informante asook lede van die plaaslike gemeenskap.

Daar sal 'n plaaslike, provinsiale en nasionale Gesamentlike Operasionele Sentrum (GOS) vir koördinerende en aktivering gestig word vir wetstoepassing waar alle inligting gekanaliseer kan word.

Alle moontlike risiko's moet geïdentifiseer word wat kan lei tot onstabiliteit, onrus of konflik wat die potensiaal het om in geweld te ontaard. Die intimidasie van werkers deur lede van 'n gemeenskap of 'n politieke party/affiliasie moet ook deurgegee word. Beweging van onbekende persone en voertuie in 'n gebied;

Elke boerdery gemeenskap moet beplanning doen tov 'n Veiligheids- en of Gebeurlikheidsplan wat die volgende insluit:

- 'n Bedreiging-analise op alle moontlike risiko's of bedreigings wat kan ontstaan veral tov sekere brandpunte in die area;
- 'n Veiligheids- en of Gebeurlikheidsplan moet in samewerking met die plaaslike polisie asook die SANW en ander rolspelers opgestel of opgedateer word – die moontlike indiensstelling van sekere persone vanaf polisie om behulpsaam te wees in interim periode ("community in blue")
- Identifiseer 'n leier-element om bevel en beheer te neem; kommunikasie te koördineer; inligting van grondvlak te verifieer wat geskakel moet word met die GOS of struktuur wat



daargestel word; terugvoering aan grondvlak te verskaf; en verifiëring van gebeurlikheidsplanne en opskerping van paraatheidsvlakke;

- Doen saam met die rolspelers beplanning oor die aanwending van hulpbronne asook effektiewe radio kommunikasie daar te stel;
- Die veiligheids-/gebeurlikheidsplan moet alle toepaslike persone se name en kontaknommers bevat - boerderygemeenskappe volmag vorms/protokol borde in plek sit by toegang tot eiendom;
- 'n Eie gebeurlikheids- / Veiligheidsplan saam met werkers op plase word ook voorgestel.

Die volgende risiko's / bedreigings is van belang in die aanloop tot die verkiesing en kan moontlik in die bedreigingsontleding van die area ingebring word, waar dit van toepassing is:

- Veldbrande – opsetlike stigting van brande naby hoofpaaie, toegangsroetes op strategiese plekke/boere se plase wat naby dorpsareas geleë is
- Kritiese infrastruktuur wat beskadig of vernietig word bv Eskom substasies, kragdrade, koperkabels, ens.
- Kommunikasie infrastruktuur van Vodacom/MTN – diefstal van selfoontorings se batterye en nie-beskikbaarheid van selfoon seine/netwerke
- Water pompstasies en water toevoer tot dorpsareas wat beskadig/vernietig kan word – groot tekorte veroorsaak itv water toevoer
- Waterkrippe en drinkplekke van diere wat beskadig kan word of vergiftiging van water vir diere
- Diefstal en beskadiging van koper kabels of elektriese kabels van “pivots” - besproeiing
- Onwettige okkupasie van munisipale- en landbougrond – veral aangrensend aan dorpsareas op grootskaal wat kriminaliteit tot gevolg kan hê
- Afsettings van plase agv arbeids en of werksooreenkomste wat deur sekere politieke partye (EFF) gekoop kan word en ontaard in massa protesaksie, waar werkers verhoed word om te werk
- Onbewoonde plaashuise en of werkershuise waarin kriminele of persone onwettig kan woon / skuil
- Weidingsooreenkomste tussen bewoners/werkers en grondeienaar wat kan lei tot konflik en selfs politieke partye en polisie betrek word – arrestasies?
- Indiensneming van onwettige immigrante of seisoen werkers – kriminele rekord navrae en betrokkenheid by groeperinge/sindikate
- Seisoenale misdaad bv diefstal van mielies wat kan toeneem
- Moontlike toename in Plaasaanvalle/moorde in landelike gebiede



- Toename in veediefstal en slagtings op plase
- Betreding, vergiftiging van honde, kwaadwillige saakbeskadiging itv dieremishandeling, intimidasie - sake oopmaak en inligting deurgegee word
- Blokkering van hooftoegangsroetes deur “ongelukkige” gemeenskapslede tov dienslewingsprobleme – impak op aflewering van basiese voedsel, diesel, werkers / personeel se produksie, ens
- Moontlikheid dat bendes “polities” geïnspireer is om ’n spesifieke agenda te dryf en sekere areas “no go areas” te maak
- Moontlike sluipmoorde van sekere kandidate / “amptenary” in sekere wyke kan realiseer – waar daar nie tans enige inligting of substansie voor is nie.

Die volgende risiko's / bedreigings tov die verkiesing, die uitslae daarvan of na afloop van die verkiesing, kan moontlik voorkom en sodanige inligting moet geskakel word met die Landelike Veiligheidskoördineerder of veiligheidsverteenvoerder van die Boerevereniging in die area:

- Enige inligting wat dui op ontwrigting van stemlokale – moontlike beskadiging of bedreigings teenoor enige persone en of politieke partye wat verhoed word om by stemlokale werksaam te wees
- Enige inligting wat mense kan verhoed om te stem – paaie toemaak/blokkeer, bande brand, ingang/uitgangsroetes
- Enige protesaksies naby stemlokale (Nasionale Kieswet) – brand / afhaal van plakkate in dorpsareas
- KBE/Brandstiging en “looting” van besighede in dorpsarea / plase
- Tel prosesse by stemlokale na afloop van verkiesing
- Vervoer van stem materiaal na telpunte – moontlike ontwrig of diefstal?
- Massa mobilisering / “looting” van besighede in dorps areas
- Moontlike blokkering van hoof toegangroetes / paaie bv N3 (trok roetes) wat aflewering en ontwrigting van kosvoorrade, diesel, ens kan beïnvloed
- Na bekendmaking van verkiesings resultate moontlike onlus/protes met bekendmaking van stempersentasies tov politieke partye in sekere areas

Betrek die volgende strukture in die beplanning van ’n Veiligheids- en of Gebeurlikheidsplan:

- Die Landelike Prioriteitskomitee op stasievlak;
- Die Gemeenskap-polisiëringsforum;
- Plaaslike sekuriteitsmaatskappye;
- Die boerevereniging / Distriks Boere Unie se veiligheidsverteenvoerder;

- Die plaaswag/Beheerkamer en sy reaksie-eenheid;
- Reserviste;
- Ander belange organisasies soos 'n Buurtwag/AfriForum;
- Plaaslike Taxi verenigings wat in die area opereer.

Observasie, paraatheid, betrokkenheid by 'n veiligheidstruktuur dmv effektiewe kommunikasie middele, die skakeling van inligting vanaf 'n verskeidenheid van bronne is belangrike elemente ten einde moontlik risiko's te identifiseer en voortydig aan te spreek, om veiligheid te verseker met die nodige wetstoepassers. Bly veilig.